
Vol 6(2), Okt 2006

# InfoForum


Nuusbrief van die Ferdinand Postma-Biblioteek
Noordwes-Universiteit: Potchefstroomkampus





## Op soek na koerantberigte of spotprente? SA Media is die antwoord

SA Media is 'n databasis wat toegang bied tot meer as 3 miljoen Suid-Afrikaanse koerant- en nuusberigte. Berigte word in hul oorspronklike formaat elektronies beskikbaar gestel (vanaf 1997) as .pdf dokumente en dit word daagliks opgedateer. 'n Unieke eienskap is dat dit ook toegang gee tot spotprente wat in koerante verskyn.

SA Media dek sowat 120 SA koerante en nuusblaaie. Van die belangrikste publikasies wat opgeneem word is: Beeld, Burger, Volksblad, Rapport, Sunday Times, Citizen, Star, Sowetan asook tydskrifte soos Insig, Finansies & Tegniek, Financial Mail en Business Day. Skakel na die databasis.




## Nuwe aanwinste

'n Maandelikse lys van nuwe boeke in die Biblioteek is beskikbaar by: http://www.puk.ac.za/biblioteek/aanwins_a.html. 'n Skakel na die nuwe aanwinste is ook op die Biblioteek se voorblad: http://www.puk.ac.za/biblioteek

Let op dat u kan soek volgens fondsnommer en die boek vir uself kan bespreek deur die skakel na die katalogus te kies en die "Request" opsie uit te voer.

## Opleidingslokale

Die Biblioteek stel twee opleidingslokale, nl. Besembos en Tarentaal, beskikbaar vir gebruik deur personeel en studente. Kontak gerus vir Ria Adelaar x2802 indien u dit wil bespreek.








## Ons gewildste databasisse


Die biblioteek probeer doelbewus op databasisse in te teken wat koppeling na die elektroniese volteksartikels verskaf. Hierdie wetenskaplike artikels is 'n goeie teenvoeter vir die algemene inligting wat gebruikers so graag op die Internet met behulp van soekenjins verkry.

Daar is 'n groot groei in databasisgebruik en het in vergelyking met verlede jaar in sommige gevalle meer as verdubbel. Van ons gewildste databasisse is:

| Databasis | Soektogte 2005 | Soektogte 2006 |
|---|---|---|
| Academic Search Premier (EbscoHost) | 56 521 | 98 871 |
| Business Source Premier (EbscoHost) | 16 535 | 24 252 |
| ERIC | 21 716 | 39 903 |
| PsycInfo | 15 549 | 33 283 |
| ScienceDirect | 36 913 | 50 873 |
| SAePublications | 16 248 | 41 954 |
| SAMedia | 7 818 | 27 996 |




## Vergemaklik jou lewe as navorser met Reference Manager






Reference Manager stel navorsers in staat om verwysings met gemak te kan onttrek, berg en organiseer. Verwysings kan een vir een met die hand vanaf verskillende bronne ingevoer word, of dit kan direk vanaf webgebaseerde inligtingsbronne afgelaai word. Die gebruiker word in staat gestel om die bibliografie met die druk van 'n knoppie te kan saamstel en dit kan deurgaans op datum gehou word. 'n Groot verskeidenheid style is beskikbaar soos deur uitgewers verkies word. Vir installering van hierdie sagteware op u rekenaar, kontak Paul Buys x2812. Meer daaroor by: http://www.refman.com/rminfo_bib.asp.

## Verwysings / "Quoting Sources" / "Report writing"

Die Puk Verwysingsboekie is hersien en die nuwe weergawe is op die webblad beskikbaar by: http://www.puk.ac.za/biblioteek/verwysings_a.pdf . Groot opgewondenheid heers oor die bygewerkte gedeelte oor "Elektroniese inligtingsbronne" op bl 40. Die boekies is in die Biblioteek te koop. Kontak Adri Smit x2811 vir meer inligting.







## Elektroniese proefskrifte en verhandelinge

Op die Biblioteek se webblad by: http://www.puk.ac.za/biblioteek/proefskrifte_a.html is 'n lys van databasisse wat gratis toegang tot elektroniese proefskrifte en verhandelinge bied. Elektroniese weergawes van die NWU-Puk se proefskrifte en verhandelinge (vanaf 2004- ) kan gevind word op hierdie bladsy, sowel as vanaf die katalogus: http://fpb-lnx1.puk.ac.za/.

## Nuwe databasisse:




### Goodman & Gilman's The Pharmacological Basis of Therapeutics, 11th Edition

Laurence L. Brunton, editor-in-chief
John S. Lazo and Keith L. Parker, Associate Editors

**Editors of the online edition:**
Laurence L. Brunton, editor-in-chief
Associate Editors: Keith L. Parker, Iain L. O. Buxton, and Donald K. Blumenthal

Goodman & Gilman's word sedert 1941 as 'n gesaghebbende bron beskou vir farmakologie. Beskrywings van die wetenskaplike en kliniese aanwending van medisyne, bied riglyne aan studente, medici en navorsers oor die hoe en waarom van geneesmiddelwerking.

In *AccessMedicine* kan die volteks verkry word van die 11de uitg op en bied dit belangrike inligting rakende die chemiese eienskappe, dosis, geneesmiddel wisselwerking en toksisiteit.

Kenmerke:
- Opgedateerde inligting rakende alle medisinale klasse, orgaan sisteme en bekende siektes en versteurings
- Nuwe hoofstukke oor farmakogenetika, membraan vervoer en medisinale gedrag, geneesmiddel metabolisme asook Die Wetenskap van Medisinale Terapie
- Maandelikse opdaterings van navorsing, resensies en lesings

### Scriver's OMMBID
The Online Metabolic & Molecular Bases of Inherited Disease
Scriver • Beaudet • Sly • Valle • Vogelstein • Kinzler • Childs

Scriver's OMMBID (The Metabolic and Molecular Bases of Inherited Disease) bied jou die geleentheid om makliker as ooit tevore inligting te bekom oor oorerflike siektes

Kenmerke:
- Die soekfunksie word aangedryf deur Google TM
- Nuwe aanvullende materiaal is slegs elektronies beskikbaar. Dit sluit in:
  - Gene Expression Profiling in Cancer
  - Hereditary Paragangliomas of the Head and Neck
  - Familial Cylindromatosis
  - Familial Cardiac Myxomas and Carney Complex
  - Cancers of the Oral Cavity and Pharynx
  - Genetic Abnormalities in Lymphoid Malignancies
  - Pilomatricoma and Pilomatrix Carcinoma
- Kleurillustrasies in 3D
- Soek maklik in verwante databasisse, bv. PubMed, ens

# Die Musiekbiblioteek kry nuwe klanktoerusting

Die Musiekbiblioteek in die Konservatorium het onlangs nuwe oudiovisuele toerusting ontvang nadat die vorige klanksisteem na vele jare se gebruik uitgedien was. Met die vorige sisteem het gebruikers by luisterpunte gesit wat teen die muur gemonteer was terwyl die bibliotekaresse die klankopnames agter die toonbank moes hanteer. Gebruikers kan egter nou die klankopnames na individuele luisterstasies neem waar hulle dit self kan beheer en van snit tot snit skuif.

Tom Larney, Direkteur: Biblioteekdienste op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, sê dat dit vir die Biblioteek belangrik is om aan alle gebruikers die beste moontlike diens te lewer. "In die Musiekbiblioteek beteken dit veral dat toerusting op 'n deurlopende basis gemoderniseer moet word. Soos met die ontwikkeling en vernuwing in rekenaartegnologie bied ook klanktoerusting opwindende moontlikhede," sê hy.



*Mnr. Tom Larney (Direkteur: Biblioteekdienste), mev. Hester Spoelstra (Bibliotekaris), mev. Janie Lamprecht (Musiekbibliotekaresse), en prof. Ernst Breet (van Absolute Hi-Fi wat die installering van die toerusting gedoen het).*



*Brechtje Odendaal, Tina Preller en Berdine Orffer is senior musiekstudente wat graag die nuwe toerusting gebruik. Daar kan nou tot drie gebruikers op 'n keer na dieselfde klankopname luister.*



*Jane Lerefolo en Mzamo Qoshekile gebruik die nuwe luisterstasies*

Die nuwe toerusting wat verskaf is, sluit in: twee NAD-draaitafels, vier Denon en twee Marantz versterkers, en twee Marantz CD-spelers. Daar is ook twaalf Sennheiser kopfone om na die musiek te luister, waarvan ses koordloos gebruik kan word. Die Musiekbiblioteek is ook 'n rukkie gelede met 'n televisie en DVD/video-speler toegerus sodat musiekstudente van studiemateriaal in daardie formaat gebruik kan maak.
Skrywer: Jaco van der Merwe, Direkteur : Skool vir Musiek & Konservatorium

# DIGITAL ENGINEERING LIBRARY

McGRAW-HILL ENGINEERING ONLINE

Die Biblioteek het in Oktober ingeteken op Digital Engineering Library. Die databasis bevat 'n elektroniese versameling van meer as 4, 000 artikels uniek gestruktureer rondom 12 areas van Ingenieurswese. Onderwerpe sluit in:

- Lugruim Ingenieurswese
- Bio-Ingenieurswese
- Chemiese Ingenieurswese
- Siviele Ingenieurswese
- Kommunikasie Ingenieurswese
- Konstruksie & Brug Ingenieurswese
- Elektriese Ingenieurswese
- Wiskunde en Wetenskap Ingenieurswese
- Omgewings Ingenieurswese
- Industriële Ingenieurswese
- Materiaalwetenskap & Ingenieurswese
- Meganiese Ingenieurswese

## *Jy kan jou biblioteekrekord sien!*

Hoekom wil jy?

1. Jy kan jou boeke hernu vanaf jou biblioteekrekord. Dit is dus nie nodig om al die swaar boeke biblioteek toe te dra nie.
2. Jy kan jou leesgeskiedenis (m.a.w. 'n lys van al die boeke wat jy tot nou toe gelees het - beginnende vanaf die datum wat jy die lys geaktiveer het) aktiveer. Dit help as jy 'n bibliografie moet saamstel en nie kan onthou watter boeke in die biblioteek jy gebruik het nie.
3. Jy kan ook e-pos "Alerts" opstel sodat daar weekliks 'n lys na jou gestuur word met al die nuwe boeke oor jou onderwerp.

Handleidings is beskikbaar op jou biblioteek rekord.

